# Kampvuur KEKKEL

hou KOERS!

WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA



## Eksamentyd: Maak jou “studieknope” vas!

Eksamentyd kan maklik voel soos 'n kraaines van knope – baie werk, min tyd en jou kop wat begin toue trek.
Hier is vier “studieknope” wat jou kan help om jou voorbereiding stewig vas te maak. Elke knoop is 'n les wat jy kan onthou wanneer jy begin twyfel.

**Skuifknoop – Dissipline en balans**
*Die skuifknoop word gebruik om twee toue aan mekaar te verbind.*

Soos die skuifknoop twee toue verbind, moet jy jou studie en jou tyd aan mekaar vasmaak. Moenie alles los en chaoties aanpak nie – maak 'n eenvoudige rooster en hou daarby.

**Kniehalterslag – Fokus en stabiliteit**
*Die kniehalterslag word gebruik om 'n vlag stewig aan 'n paal vas te maak.*

Jou fokus is jou “vlag”. Jy moet dit stewig anker sodat dit nie deur afleidings rondwaai nie – geen fone, geen uitstel, geen verskonings nie.
Onthou: Wat nie vas is nie, waai weg.

**Voorslagknoop – Aanpasbaarheid en slim leerstrategie**
*Die voorslagknoop verbind 'n dun tou aan 'n dik tou, soos voor aan 'n sweep.*

Jy is dalk sterk in een vak en swakker in 'n ander. Hierdie knoop leer jou: pas jou metode aan. Gebruik jou sterk punte om jou swak punte te ondersteun.
Onthou: Slim verbindings maak jou sterker as jou swakste deel.

**Kruisvaswoel – Struktuur en volgehoue stabiliteit**
*Die kruisvaswoel verbind twee stokke in 'n kruisvorm.*

Hierdie knoop herinner jou om 'n vaste struktuur te bou: hersiening, oefenvraestelle, rus en herhaling.
Onthou: Struktuur hou jou staande wanneer druk van alle kante kom.

Jou eksamensukses gaan nie oor hoeveel jy leer nie, maar hoe goed jy jou “knope” vasmaak. Elke goeie studiegewoonte is 'n knoop wat jou kennis veilig hou.
Maak dit styf. Maak dit slim. En moenie dat jou werk loswikkel nie.
Sterkte – en haak die knoop deur.

**ONTHOU**

| 3 JUNIE | 5 JUNIE | 12 JUNIE | 16 JUNIE | 21 JUNIE |
|---|---|---|---|---|
| WÊRELD-FIETSRYDAG | WÊRELD-OMGEWINGSDAG | WÊRELD-BLOEDSKENKER-DAG | JEUGDAG | KORTSTE DAG IN SUIDELIKE HALFROND |

Junie 2026

VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

Junie

*Wat jy haastig knoop, maak jy stadig los.*

## KI en ons Voortrekker-identiteit

Ons sien toenemend dat lede KI gebruik om vinnig plakkate en advertensies te ontwerp. Daarmee is geensins fout nie, maar daar is 'n ernstige probleem wat al meer voorkom: KI verander of "vervang" ons korporatiewe identiteit se wapen. *Dit is nie aanvaarbaar nie.*

Ons Voortrekkerwapen is nie versiering nie, dit is ons identiteit. Wanneer dit verander word, raak die hele boodskap los, onakkuraat en onprofessioneel.

### Praktiese wenk

Werk só wanneer jy KI gebruik vir advertensies:

1. Laat KI die ontwerp, uitleg, teks, agtergrond en komposisie genereer.
2. Los doelbewus 'n leë spasie oop vir die wapen - moenie KI vra om die wapen te "skep" nie.
3. Laai die korrekte .png wapen af van die amptelike webblad se biblioteek of hierdie skakel: Voortrekkerwapen.
4. Plaas dit self in die korrekte posisie presies soos voorgeskryf in die korporatiewe riglyne

Ons identiteit werk net as dit konsekwent bly. Sodra KI begin "knope losmaak" aan ons visuele standaarde, verloor ons herkenbaarheid en geloofwaardigheid.

KI kan help om die tou te lê, maar jy maak die knoop vas. Hou dit konsekwent. Hou dit korrek.




## Nog twee nuwe liedjies beskikbaar!

Ons Voortrekkerknoop word hierdie maand nóg sterker vasgetrek met twee splinternuwe liedjies wat nou beskikbaar is vir gebruik.

Vir ons klein PD's:

- Soos 'n sterretjie: 'n Prettige lied wat jong Voortrekkers help om meer van sterre en die naghemel te verstaan — ideaal vir saam sing om die kampvuur of tydens avontuuraktiwiteite.
- Vroue van die Trek: 'n Inspirerende lied wat hulde bring aan die dapper vroue van die Groot Trek en die sterk bande wat families en volksgeskiedenis saamgeknoop het.




## Het jy geweet?

*Kyk wat doen 'n blazer, kyk net wat doen 'n blazer met 'n goue knopie.*

Volgens ons riglyne dra ons slegs oorwegend effekleurige, donkerblou warmdrag met minimale strepies, logo's of kentekens. Skoolkleurbaadjies of -truie is nie deel van ons drag nie. Verkenners kan donkerblou baadjies of *blazers* sonder enige kentekens of versiering dra. Warmdrag mag bo-oor formele of aktiewe drag gedra word. 'n Donkerblou trui of erkenningsbaadjie mag onder 'n formele drag baadjie/*blazer* gedra word. Indien weersomstandighede dit noodsaak mag die bevelvoerende offisier bykomende warmdrag toelaat.

Die idee is eenvoudig: ons warmdrag moet soos 'n netjiese knoop werk - dit hou alles saam sonder om die beeld te verander of los drade te laat hang.



Die Voortrekkers Internasionale Kettieskietkompetisie 2026


Onthou om in te skryf vir ons internasionale kettieskietkompetisie. Lekker pryse is op die spel. Klik op die embleem bo-aan en skryf in. Klik op die kettie en kyk die instruksievideo.

## Projek Ligpunt

Onthou om ons gemeenskapsprojek vir 2026 te ondersteun. Lees meer deur op die embleem te klik.

## Digitale ontsnapkamer

Speel saam en staan 'n kans om 'n R300 Voriemôl-geskenkbewys te wen. Klik hier :





## Junie se nuwe hulpmiddel

En natuurlik fokus ons op knope vir hierdie maand. Vind 'n Knope-vir-PD's-hulpmiddel deur op die foto te klik.